

29 Mei - HUIS

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16 – 5:5

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:18 – 5:1

Miskien is u reeds in dié fase van die lewe waar die tand van die tyd vinnig aan jou knibbel en knaag. Kragte taan. Siekte en sieklikeid verwoes wat nog oor is. Of jy is nog jonk – in die krag van jou lewe.

Geliefde Oud, of Liewe Jonk, ons is almal in hierdie bedeling in 'n tydelike tentwoning gehuisves. Een ná die ander tent word met verloop van tyd afgeslaan. Juis die beeld van die tydelike tent sê dit wreed reguit: jy het hier geen vaste adres nie. Die Heilige Gees wil ons ook vandag weer daaraan herinner dat ons aardse liggaam uiteindelik afgebreek en opgedoek word.

Maar die Woord deel in hierdie gedeelte ook troos uit: die tent is genadiglik nie vir altyd nie! Wie in die Here uit die aardse tentwoning vertrek, kom op God se tyd veilig tuis in *“'n gebou ... van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele”* (OAV). As jou aardse liggaam onbewoonbaar word, kom jy vir ewig tuis by God.

Deur Jesus Christus is ons nie meer net tydelike stof wat uitrafel nie. Ons tydelike adres word met 'n vaste adres vervang: die Vaderhuis met sy baie woonplek (Joh 14:2-3). Daarvoor het Christus ook 'n menslike liggaam aangeneem, in die gestalte van 'n tydelike tentwoning hier onder God se son kom staan, en gesterf. Maar toe sy tentwoning afgebreek is, het Hy die gebou van sy Vader vir ons óóp-gesterf. En Hy het gegaan om vir hulle wat die Vader Hom gegee het, in die Vaderhuis plek voor te berei.

Jou tent het in jou lewenspan tot hier dalk al op verskillende plekke gestaan. Tog was dit nog nooit 'n vaste adres nie. Jy is soos ander stoflike en sterflike mense van geen vaste adres nie. Maar, hou moed, al pluk stormwinde vandag aan jou tentpenne, want jy is op pad – tot jy in Christus tuis kom by jou veilige vaste adres, vas vir tyd en ewigheid.

Sing: Psalm 23-1:3 en 23-2:3 (1936-beryming)

Ds JP Bingle (Emeritus)